# Die houding en betrokkenheid van die kerk in 'n veranderende Suid-Afrika

**J P Labuschagne**
**Rustenburg**

**Abstract**
**The stance and commitment of the church in a changing South Africa**
*In determining the stance and commitment of the church in a changing South Africa there is a constant danger for the denominations involved to become one-sided and ideologically contaminated. The church is adjusted neither to confirming or denying any society. The present-future dialectics of the New Testament enables the church to become its real self in the tension between being part of this world and reaching fulfilment in a future world — the kingdom of Christ in the final stage. The present-future dialectics of the New Testament enables its church to be both critical and loyal in present-day societies. Only this church is able to play a significant role in a changing South Africa. If any denomination loses this dialectical tension, the church loses itself.*

## INLEIDING

Wanneer gepoog word om te praat oor die houding en betrokkenheid van die kerk in 'n veranderende Suid-Afrika is die gevaar onmiddellik daar dat 'n mens jou eensydig kan laat voorskrywe deur jou eie waarde-oordele of eie ideologie. Daardie gevaar moet ten alle koste oorbrug word in die lig van die besef dat kerk en teologie enkel en alleen kan optree en handel binne die ruimte wat die kerk se eie aard toelaat, anders ontaard kerk en teologie.

## 1. PRINSIPIËLE BESINNING OOR DIE KERK IN DIE WêRELD

Oscar Cullmann het met reg daarop gewys, in sy werk *The state in the New Testament* (1963), dat die kerk deur die geskiedenis heen 'n dialektiese spanning ervaar tussen die reeds voltooide werklikheid van nou en hier, en die nog onvoltooide werklikheid wat in die toekoms voleindig moet word. Kerkwees word juis onvermydelik binne hierdie dialektiek van nou en nog-nie voltrek. Die kerk is inderdaad besig om sy roeping te

* Referaat gelewer op 22 November 1994 tydens die kongres van die Kerkhistoriese Genootskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Universiteit van Pretoria.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

dialektiek van nou en nog-nie voltrek. Die kerk is inderdaad besig om sy roeping te vervul wanneer die kerk getrou bly aan hierdie dialektiek: hierdie 'fundamentele eskatologiese ingesteldheid van die Nuwe Testament' (Cullmann 1963:69; my vertaling).

Die hede-toekoms-dialektiek begin reeds by die Here Jesus wat verklaar dat, nou en hier, 'die koninkryk van God' 'inderdaad tot by julle gekom' het (Luk 11:20), en dan weer, ten opsigte van die toekoms, verwys na 'die dag wanneer Ek saam met julle die nuwe wyn in die koninkryk van my Vader sal drink' (Matt 26:29).

Dit beteken dat die kerk vanweë hierdie hede-toekoms-dialektiek, waarin kerk kerk word, dit is die Nuwe Testamentiese 'kronologiese dualisme tussen nou en die toekoms (Cullmann 1963:68; my vertaling), hom nie volledig kan losmaak van hierdie òf daardie tyd nie, hom nie volledig kan losmaak van die wêreld van hier en nou óf van die wêreld van die voleinding en die ewige toekoms nie. Meer nog: Die kerk kan in hierdie wêreld hom eenvoudig nie volledig verbind aan óf die hede óf die toekoms nie; vir die kerk is waarheid en werklikheid nooit, maar waarheid en werklikheid word altyddeur. Alles is in 'n proses van wording. Daarom kan die kerk in hierdie wêreld nie volledig losgemaak of volledig verbind word aan hede of toekoms nie.

Gevolglik kan die kerk in 'n Nuwe Testamentiese benadering van die werklikheid, die wêreld (die samelewing en dié se sosiale, politieke en ekonomiese strukture) nóg bevestig nóg ontken (Cullmann 1963:67, 68; Nyirongo 1994:78-90). Die kerk het deur die loop van die geskiedenis telkens die wêreld (die samelewing en sy sosiale, politieke en ekonomiese strukture) verkeerd benader, en so gefaal in die roeping van kerkwees, wanneer die kerk nie meer besef het dat die teenswoordige tyd alreeds vervulling, maar nog nie voleinding is nie (Cullmann 1963:69). Wanneer die kerk alles van die toekoms verwag het, was dit onkrities ten opsigte van die hede — die samelewing, owerhede en magte — en is alles te maklik aanvaar of oorgelaat aan hulle eie lot. Wanneer die kerk alles van die hede verwag het, het die kerk se toekomsverwagting vervaag, en het die kerk hom beywer vir 'n koninkryk van God wat sentreer rondom hierdie wêreld en tyd, en dan was die teologie nie meer vry van ideologiese kontaminasie nie. Hoewel hierdie twee benaderings mekaar radikaal opponeer, het die kerk nogtans in albei gevalle verkeerdelik afstand gedoen van die Nuwe-Testamentiese interpretasie van die eindtyd, en so sy kenmerkende en noodsaaklike hede-toekoms-dialektiek verloën (Cullmann 1963:69). Dis immers alleen op hierdie pad van die dialektiese spanning waarop Christus elke dag die kerk tot kerk laat word: met die teenwoordigheid van Christus waar gelowiges in sy Naam gehoorsaam-biddend verkeer (Matt 18:15-20); met die bewaring (vir 'n hoër doel) teen vernietiging waar hulle kerk bly onder die leierskap van die belydenis dat Jesus die Here is (Matt 16:13-19); en met die almag en teenwoordigheid van Christus altyddeur by sy gemeente waar hulle gehoorsaam en trou bly aan hulle missie, en Hy hulle dan lei na hulle voleinding (Matt 28:18-20).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Wat die wêreld betref — die wêreld van nou en hier — kan die kerk in sy houding en betrokkenheid hom dus nie te veel losmaak óf te veel verbind nie. Om hierdie rede kan die kerk se betrokkenheid as beide krities én lojaal beskrywe word. In aansluiting by Cullmann sou ons die opgawe van die kerk se betrokkenheid drieledig kon vasstel: Eerstens het die kerk 'n 'lojaliteit' ten opsigte van die samelewing (insluitende die sosiale, politieke en ekonomiese strukture) en uiteindelik alles wat vir die samelewing se instandhouding en die kerk se goeie voortgang noodsaaklik is. Daarom het die kerk 'n positiewe houding en betrokkenheid wat ingestel is op die opbou en bevordering van sy samelewing. En daarom spreek die kerk hom uit ten gunste van owerheids- en ander optrede wat byvoorbeeld misdaad, sedeloosheid, opstand, terreur, wanorde, eksploitasie en gebrek aan vryheid-in-verantwoordelikheid bekamp. Tweedens het die kerk die taak om 'n 'wagter' oor die samelewing te wees. Dit vra weer 'n kritiese ingesteldheid ten opsigte van alle optrede en gesindhede, alle samelewingstrukture en alle onderdele van die samelewing, om te waarsku teen oorskryding van geregverdigde terreine, en dit wat eties onregverdig is, aan te spreek. Derdens weier die kerk owerhede en magte (polities, sosiaal, ekonomies) toegang tot eksploitasie van die kerk vir ideologiese doelwitte (Cullmann 1963:69). Op die ekumeniese front het die kerk in hierdie opsig dikwels tot sy skande gefaal, en dan verword die kerk en verloor sy doel (Labuschagne 1987:2-74).

Die vraag ontstaan hoe die kerk en die teologie tot kennis van die samelewing kom? Wanneer ons iets as werklik wil voorhou, moet ons ons vertrekpunt nie in veronderstellings neem nie, maar in die werklikheid self. So moet ons kennis neem van ons samelewing uit die ontleding van die werklikheid deur die verskillende kundiges. En so handel ons ook wanneer ons vervolgens eties evalueer en teologiseer vanuit die grondbeginsels van ons geloof: in die kern teologiseer ons vanuit prinsipes wat in die historiese werklikheid begrond is — Jesus Christus, die opgestane Heer. Juis op grond van sy opstanding weet ons dat Jesus die Here is, dat Jesus God is (Joh 20:28) en dit juis in relasie tot hierdie sentrale openbaringsgebeure waarop ons kennis van God gefundeer word. Karl Barth leer dat die mens se kennis van God op geen manier sy oorsprong en begronding het in die mens self nie, maar slegs in die Christus-gebeure waarvan die Nuwe Testament getuig, en dan staan die opstanding en hemelvaart sentraal.

Hermeneuties verdien enkele opmerkings gemaak te word — juis ook om die Christelike etiek van subjektiewe willekeur te bevry. Barth (1964:75, 76; my vertaling) sê:

> Die opstanding van Jesus Christus beteken die opstanding van hierdie een persoon in onderskeiding van alle ander, en so as gebeure in ruimte en tyd .... As dit nie dit beteken nie, word hierdie gebeure gereduseer



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

> tot 'n nuwe determinering van die menslike eksistensie, tot die ontwaking van geloof in die eerste dissipels. Dan is daar geen Christus vir ons en oor ons om die bestaan van Christus in ons te substansieer nie. Dan word die paasboodskap as sulks omvergewerp en tot niet gemaak.
>
> Wie ook al begin by die paasgeloof met die oog daarop om dit die inhoud van die paasboodskap te maak en uiteindelik die paasgebeure prys te gee en te laat wegval — sy redenering oor hierdie onderwerp is ... sekerlik nie geldig nie.

Barth sê met reg oor Jesus Christus: 'Sy eksistensie kan nie a priori afgelei en gepostuleer word nie; dit kan en dit moet na die feit verstaan word ...' (Barth 1964:50; my vertaling). Die kerk is geroep om hom met werklike sake besig te hou, te teologiseer en te handel vanuit die werklikheid, en nie vanuit menslike veronderstellings wat nooit die kritiek en verdenking van willekeur kan ontsnap nie. So handel die teologie met die dokumentasie van die Skrif in 'n ewige soeke na 'n groter gebeure daaragter — die historiese Jesus, en die Woord van God. Die beriggewing en dokumentasie van die Skrif is, soos historiese dokumentasie in die algemeen, die naaste wat ons aan die werklikheid van die verlede kan kom. Teologies beteken dit dat ons nooit 'n greep op God en sy Woord kan kry nie. God beskik alleen oor sy Woord. Die teologie is ewig op soek na God se Woord. Die Skrif is die naaste wat ons aan die Woord van God en die gebeure van Jesus Christus kan kom. Daarby beteken dit nog altyd dat ons geloof (in die God in ons) en ons teologisering nie op eie bene van menslike willekeur moet probeer staan nie, maar gesubstansieer moet word uit die werklikheid van die Christusgebeure, 'n objektiewe werklikheid buite die menslike subjek, en ons het menslik gesproke alleen die dokumentasie van die Skrif om ons daarin te help. So kan Emil Brunner (1964:23, 24; my vertaling) dan ook tereg sê:

> Die werklike Woord van God is nie die Bybel nie, maar Jesus Christus. *Christus rex et dominus scripturae* .... Ons het nie geloof in 'n boek nie, maar in 'n Persoon. Dit is nie 'n boek wat ons gesagsbron is nie, maar 'n Persoon; Christus self is die Woord .... Die Bybel is die oorspronklike dokumentasie wat die getuienis dra van die Woord wat Jesus Christus is as 'n historiese fenomeen .... Ons geloof staan daarom in relasie tot hierdie Woord in die Bybel, en nie tot die Bybel as sodanig nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Ook Karl Barth fokus volledig op die Christus-gebeure en sê dan dat die mens se kennis van God nooit sy oorsprong en begronding het in die mens self nie, maar in die openbaringsgebeure, en dan primêr die opstanding en hemelvaart van Jesus Christus:

> Opstanding en hemelvaart is hierdie eens en vir altyd gebeure en voldoende openbaringsgebeurtenis: die gebeurtenis van sy selfbekendmaking en as sodanig die gebeure waarin die basis vir kennis van Jesus Christus, waarna ons juis hier vra, gelê word en gelê is: die objektiewe kennisbegronding waarin alle subjektiewe kennis van Jesus Christus uitsluitlik sy oorsprong kan hê, deur die getuienis van die Heilige Gees — so is dit met die kennis van die dissipels, die eerste gemeente, die latere kerk en sy teologie, ons eie kennis — alleen van hieruit, wanneer dit hieruit afkomstig is, kan dit 'n onvoorwaardelike en betroubare kennis wees, omdat dit uitdruklik in sy objektiewe werklikheid self begrond is.
>
> (Barth 1955:159; my vertaling)

Barth sê: *Wir nannten Auferstehung und Himmelfahrt im Unterschied zu allem Vorangegangenen das dieses abschließende und zusammenfassende, das entscheidende und eindeutige Offenbarungsereignis* (Barth 1955:156, 157)[1].

In kort gesê: Dit is nie die kerk wat Christus geskep het nie, maar dit is Christus wat die kerk geskep het. Breër gesê: Dit is nie die kerk en juis dan die vroeë kerk wat Christus in die Bybel geskep het nie, maar dit is Christus en die Christusgebeure in die geskiedenis, agter en voorafgaande aan die beriggewing van die Skrif, wel gereflekteer in die Skrif, wat die kerk deur die eeue skep. Die vertrekpunt in die werklikheid vra na die objektiewe van die Christus-gebeure, en verlaat hom nie op die subjektiewe en spekulatiewe van 'n a-prioriese Christus van die verkondiging nie.

Sonder die vertrekpunt in die historiese Christus-gebeure weet ons van God niks, het ons niks en vorder ons niks nie, en is ons teologie en geloof, is ons etiese evaluering van die samelewing, bloot godsdienstigheid — bloot godsdienstigheid en as sodanig vervlak tot menslike willekeur, spekulasie en emosie. Sonder die vertrekpunt in die werklikheid het ons eweneens ook niks in ons poging tot 'n verstaan en evaluasie van ons samelewing nie. Situasie-ontleding is dus noodsaaklik.

1 'Die opstanding en hemelvaart is, in onderskeiding van alles voorafgaande, deur ons aangedui as die hierdie afsluitende en samevattende, die beslissende en die onmiskenbare openbaringsgebeurtenis'; my vertaling)



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## 2. DIE KERK SE SPANNINGSVELD VAN BEIDE KRITIES EN LOJAAL WEES IN DIE SAMELEWING

Die hede-toekoms-dialektiek, wat eie is aan die kerk se wording, lei die kerk noodwendig só dat kerkwees vereis dat die houding en betrokkenheid van die kerk in die samelewing die spanning van beide krities èn lojaal wees vertoon. Die kerk neem in 'n kritiese houding en betrokkenheid afstand van die samelewing. In in 'n lojale houding en betrokkenheid tree die kerk weer nader aan die samelewing. Die kerk is krities, omdat dit nie te veel verbind kan word aan 'n gebrekkige samelewing wat nie volledig inpas by die paradigmas van die toekomstige voleinding nie. Die kerk is krities ingestel teenoor elke aspek van die samelewing wat die welsyn en goeie vooruitgang van al die mense en die kerk in gevaar stel. En die kerk moet eerlik daaroor wees. Die kerk is tegelyk egter ook altyd lojaal teenoor die samelewing, omdat die kerk nie te veel losgemaak kan word van die wêreld waarbinne hy besig is om te word nie, en dan moet die kerk alles wat positief in die samelewing is, positief-lojaal probeer bevorder en ondersteun, ter wille van die goeie orde en instandhouding van die samelewing — daardie samelewing waarbinne die kerk die evangelie moet verkondig en die koninkryk van Christus moet dien. In kort: die kerk is lojaal teenoor orde en regverdigheid, en die kerk is krities teenoor wanorde en onregverdigheid.

Wanneer die essensies van die moderne samelewing nagevors word, word gevind dat die welsyn, goeie orde en vooruitgang van die samelewing in wese bepaal word deur die ekonomiese basis wat dit alles prakties moet moontlik maak (Labuschagne 1992:831-853). In sy kritiese houding ten opsigte van die samelewing, sal die kerk gevolglik noukeurig kennis moet neem van veral ook die ekonomiese kritiek van die kundiges. Deur die opweging van negatiewe en positiewe determinante teenoor mekaar sal ons, menslik gesproke, ons verwagting vir die Suid-Afrikaanse samelewing moet substansieer; dit kan nie geïgnoreer word nie.

### 2.1 'n Kritiese ontleding van die stand en verwagting van 'n veranderende Suid-Afrika, en ten opsigte waarvan die kerk 'n kritiese standpunt moet inneem

In die sake waarom die kerk moet kennis neem in sy kritiek en beoordeling van 'n veranderende Suid-Afrika, is die volgende verswarende omstandighede (Coulson 1994:16-18):

#### 2.1.1 Werkloosheid

Gedurende die laaste dekade is minder as die helfte van Suid-Afrika se werkerskorps in staat om 'n werk te vind in die formele sektor. Verder vind slegs 50% werkloses werk in die informele sektor (bv agterplaaswerkswinkels, stalletjies langs paaie, ens).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Volgens die jongste syfers is 3,6 miljoen mense werkloos, en daarvan is 1,9 miljoen jonger as 30. Die ekonomie sal jaarliks met 6% moet groei om werkloosheid betekenisvol teen te werk.

### 2.1.2 Swart onderwys

Ten spyte van owerheidspogings wat daarop ingestel was om swart onderwys in stand te hou, het dit nogtans sedert 1976 toenemend in duie gestort vanweë swart protesaksies. Hierdie mense wat vir dekades waardevolle tyd verspil het, en so onderwysgeleenthede verloor het, tel vandag onder andere onder die ongeskoolde en swak opgeleide werkloses, en skep 'n omvangryke probleem vir die toekoms.

### 2.1.3 'n Parasitiese kultuur

Met die invloed van Marxisme-kommunisme binne die geledere van die massas wat die huidige owerheid aan bewind geplaas het, kan verwag word dat die swakheid van hierdie ideologie — naamlik 'n parasitiese kultuur — oor dekades heen gevestig geraak het onder baie. Juis hierdie parasitiese kultuur, die swakheid van die kommunisme, word deur Karl Marx tot uitdrukking gebring in sy Kritiek op die Gotha Program (1875): 'Jeder nach seinen Fähigkeiten, jedem nach seinen Bedürfnissen'. ('Van elkeen volgens sy bekwaamheid, aan elkeen volgens sy behoeftes') (Labuschagne 1991:3). Die ondergang van Oos-Europese kommunisme was in die kern van die saak daarin geleë dat daar nie vir ewig aangegaan kon word met 'n opset waarin 'n klein groepie hardwerkende en kundige mense produseer, en nie veel daarby baat nie, omdat die groot massas se bydraes hoofsaaklik daarin geleë was dat hulle behoeftes het wat eis dat daaraan voldoen word, ongeag hulle arbeidsprestasie (Labuschagne 1991:3).

### 2.1.4 Buitelandse handel

Tot 'n sekere mate was Suid-Afrika se ekonomiese ellendes buite sy beheer. Swaar afhanklik van buitelandse handel, wat meer as 40% van sy Bruto Nasionale Produk (BNP) uitmaak, was die land bestem om veral hard getref te word deur die afgelope tyd se wêreldwye resessie, en die gepaardgaande verlammende en uitgerekte droogte wat die landbou sektor omgeskakel het van 'n netto-uitvoerder na netto-invoerder.

### 2.1.5 Gebrek aan buitelandse investering

Die staking van buitelandse investering, en dit sluit kapitale invloei en die invloei van nuwe tegnologie in, was 'n dodelike hou teen die Suid-Afrikaanse ekonomie. Hiermee saam moet die stilstand in die terugbetaling van buitelandse skuld, en die kontrole wat



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

noodwendig ingestel moes word op die uitvloei van kapitaal uit die land gesien word. In hierdie stadium is dit vir die Suid-Afrikaanse ekonomie baie nadelig om, terwyl ontwikkeling en groei so belangrik is vir die toekoms, gedwing te word tot 'n netto-uitvoerder van kapitaal in plaas van die teendeel. Hiermee saam ondergaan die wisselwaarde van die rand 'n volgehoue daling. Vir geruime tyd reeds is daar groot druk op Suid-Afrika se reserwes aan buitelandse valuta. Die reserwes het vir Augustus 1994 slegs R7,9 miljard bedra, wat meebring dat die land nie eers vir 'n maand se invoer kan betaal nie (Cloete 1994:20).

### 2.1.6 Begrotingstekort

Richard Paris, redakteur van 'n internasionele finansiële tydskrif, skrywe van die Suid-Afrikaanse ekonomie dat daar tans 'n begrotingstekort ondervind word, 'selfs groter as wat enigiemand buite die Nasionale Party besef het. Die owerheid leen steeds geld om te betaal vir 'n grootliks oorbemande staatsdiens — 'n uitgawe wat die meeste belasting verbruik en wat baie vinniger groei as die nasionale welvaart, nadat dit gestyg het van £12 biljoen in 1985 tot £28 biljoen vandag' (Paris 1994:5; my vertaling). Michael Coulson meld: 'Die begrotingstekort se mikpunt is inderdaad bepaal om te daal van 6,9% in die 1993/94 fiskale jaar tot 6,4% in hierdie jaar; steeds meer as waarna uitgesien kan word ...' (Coulson 1994:18; my vertaling). Hoewel behuising, gesondheidsdienste en onderwys die hoogste prioriteit geniet het in die Junie 1994-begroting van die ANC-regering, was die belasting nog nie só hoog dat dit skeppers van welvaart sou wegdrywe en emigrasie sou bevorder nie. Die vlakke van persoonlike en korporatiewe belasting in Suid-Afrika is tans hoër as dié van die Verenigde State van Amerika, maar laer as dié van Brittanje (Paris 1994:5). 'n Te hoë begrotingstekort, en persoonlike en korporatiewe belasting wat kwalik verhoog kan word, maak dit onmoontlik vir die Suid-Afrikaanse ekonomie om steeds meer te voorsien in die behoeftes van skrikwekkende getalle werkloses en mense wat 'n sukkelbestaan voer. Omvangryke en groeiende armoede hou 'n groot gevaar in vir rus en vrede, asook vir vooruitgang en welvaart in 'n toekomstige Suid-Afrika.

### 2.1.7 Stakings

Stakings, soos dié in die motorindustie gedurende middel 1994, doen die industrie en die ekonomie nie alleen groot skade aan nie, maar gee aan Suid-Afrika 'n swak beeld in die buiteland: 'n beeld van 'n onstabiele arbeidsmark, en van onbetroubare produsente wat nie produkte betyds kan lewer nie. Teen 31 Augustus 1994 het die motorindustrie reeds R2,2 miljard in omset verloor weens stakings (SAUK-TV1 31.08.94: Agenda).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Hierdie toedrag van sake skrik voornemende buitelandse investeerders af en skaad die vertroue in Suid-Afrika se beleggingswaarde. Dit mag selfs huidige investeerders aanmoedig om in die toekoms hulle fondse te onttrek aan die Suid-Afrikaanse mark. Dit kan ook lei na 'n toenemende keuse vir die invoer van buitelandse produkte bo plaaslike vervaardiging, vanweë die swak vertroue, lae produktiwiteit in die land, en invoertariewe wat teen middel 1995 moet daal van 115% na 65% en oor agt jaar na 30% (SAUK-TV1 31.08.94: Agenda). So lei stakings uiteindelik na grootskaalse verlies aan werksgeleenthede.

### 2.1.8 Grootskaalse misdaad

Die stand van misdaad in Suid-Afrika is tans soos volg: elke 17 sekondes word 'n ernstige misdaad gepleeg.

Besonderhede: 1 Moord elke 29 minute, 12 sekondes;
1 roof elke 5 minute, 42 sekondes;
1 aanranding met die doel om ernstig te beseer elke 3 minute, 38 sekondes;
1 verkragting elke 18 minute, 23 sekondes;
1 huisbraak elke 1 minuut, 53 sekondes;
1 motordiefstal elke 5 minute, 39 sekondes;
1 diefstal uit of van voertuie elke 3 minute (SAP-verslag, 1 November 1994:40).

### 2.1.9 Afrika se bevolkingsgroei

Uit die tabelle wat by 2.1.12 gegee word, is dit duidelik dat Afrika en Suid Afrika se bevolkings veels te vinnig groei in vergelyking met die ekonomies welvarende eerste wêreld. Dit blyk uit die syfers dat Suid-Afrika se bevolking vinniger groei as die ekonomiese vermoë van die land om die bevolking te onderhou. Bevolkingsgroei hou 'n groot gevaar van verarming en agteruitgang vir Suid-Afrika in; daar is nou eenmaal 'n verband tussen bevolkingsgetalle en die vermoë van bodem en ekonomie om vir daardie getalle welvaart te kan skep.

### 2.1.10 'Affirmative action'

'Regstellende aksie' of 'affirmative action' is alledaagse woorde in die werkplek van 'n veranderende Suid-Afrika. Dit dui op 'n ideologiese ingesteldheid wat hoër en topposte beskikbaar stel aan diegene teen wie daar voorheen gediskrimineer is. Dit het geen oog vir die feit dat dit omgekeerde rassisme is — wanneer meriete nie die vul van poste



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

bepaal nie. Grootskaalse regstellende aksie kos die ekonomie baie geld wanneer produktiewe aanwending van kapitaal daaronder gaan ly as produkte en dienste minder kompeterend word op die mark, omdat maatskappye gedwing word om minder- en onbevoegde persone in sleutelposte aan te stel. Christelik-eties is regstellende aksie nie houdbaar nie, omdat jy nie een verkeerde ding kan regmaak met 'n ander verkeerde ding nie — twee verkeerdes maak nie een regte ding nie (Rom 12:17, 21).

### 2.1.11 Onderdrukte Afrikaner-nasionalisme

Indien die Afrikaner-regtervleuel se histories-gewortelde vryheidsideaal van 'n eie volkstaat nie toegelaat word om te realiseer in een of ander eties geregverdigde ooreenkoms met die breë Suid-Afrika nie, sal die land en die ekonomie daarom nog baie daaronder ly. Gewelddadige aksie van die radikale groep is nie uitgesluit nie. Die onderhandelingspolitiek van die gematigde parlementariërs binne die grondwetgesteunde volkstaatraad mag moontlik oplossings vind. Intussen lewer ongelukkige en ongemotiveerde mense nie produktiewe arbeid nie — en mag groot getalle verkies om die land te verlaat en 'n heenkome elders te soek. Die Suid-Afrikaanse ekonomie kan eenvoudig nie bekostig dat groot getalle kundige, kapitaalkragtige en professionele mense die land verlaat nie. 'n Spoedige oplossing van hierdie kwessie is dus dringend noodsaaklik.

Die druk wat tans op die Afrikaanse taal geplaas word om die invloed daarvan in te kort, en Engels meer algemeen te maak, is nie alleen 'n imperialistiese pad wat konfrontasie uitlok nie, maar heeltemal teenproduktief, veral wanneer in ag geneem word wat die omvangryke kommunikasiewaarde van Afrikaans reeds is: die taal word, anders as enige ander taal in Suid-Afrika regoor die hele land gepraat en gebruik; die taal word oorwegend gebruik op die terreine van landbou, mynbou, staatsdiens, beskermingsdienste, industrie, en het groot invloed op onderwys, kerklike, navorsings- en ander terreine. Daarby is die beweging teen Afrikaans vandag totaal uit pas met wat in die beskaafde wêreld gebeur waar die pad van akkommodering bo konfrontasie verkies word:

> Die wêreldwye omvang wat ons ekonomieë besig is om aan te neem, sal gepaard gaan met 'n renaissance in taal en kulturele selfgelding .... Kortliks, die Swede sal meer Sweeds word, die Chinese meer Chinees. En die Franse, God help ons, meer Frans .... Vir Amerikaners is dit voor die hand liggend dat dit nou die tyd is om 'n ander taal te leer — en dit goed te leer .... Ongeveer 125 jaar gelede ... het die skrywers van die dag gereken dat ons een wêreld met een taal — Engels — sou word. Dit het toe nie gerealiseer nie, en dit gaan vandag ook nie gebeur nie ....
>
> (Naisbitt 1984:76; my vertaling)



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Vanweë die grootte en nabyheid en ekonomiese groei van Suid-Amerikaanse lande, is Spaans vir Naisbitt die aangewese keuse vir Amerikaners: 'To be really successful, you will have to be trilingual: fluent in English, Spanish, and computer' (Naisbitt 1984:76; my vertaling). Van 'a society that is exploding with diversity', sê Naisbitt (1984:252), en dit is belangrik vir Suid-Afrika:

> We have finally abandoned the myth of the melting pot and learned to celebrate ethnic diversity. The new languages ... and the additional layer of foreign cultures all around us seem to fit the multiple option mood. This new openness enriches us all.

Vir Suid-Afrika beteken dit akkommodering van etniese verskeidenheid, en dit is 'n beter pad as om mense van hulle kulturele erfenis wat vir hulle belangrik is, te ontneem. Akkommodering is beter as die pad van konfrontasie, en natuurlik belangrik vir winsgewende sakebedrywighede. Dis verstommend dat Afrikaner nasionalisme in die verlede slegs polities sy saak wou bevorder, sonder om ooit sy magtige ekonomiese koopkrag op georganiseerde wyse in werking te stel. Dan is daar ook nog die Zoeloe nasionalisme en selfbeskikkingstrewe wat op sy eie reg beoordeel moet word en tevrede gestel moet word.

### 2.1.12 Gebrek aan produktiwiteit

Die Achilleshiel van die Suid-Afrikaanse ekonomie is waarskynlik produktiwiteit wat nie kan vergelyk met dié van Suid-Afrika se vernaamste handelsvennote nie. Sonder produktiewe arbeid sal geen vooruitgang en welvaart geskep kan word nie. Volgens syfers wat verkry is van die Nasionale Produktiwiteitsinstituut (NPI) — kyk tabelle 1 & 2 — blyk dit dat die produktiwiteitsvlak van Suid-Afrikaanse werkers tussen 1980 en 1990 veel laer was as dié van Eerste Wêreld lande, maar wel hoër as dié van sommige ontwikkelende lande. Die groei wat Suid-Afrika wel in arbeidsproduktiwiteit gehad het, was ongelukkig in baie gevalle toe te skrywe aan 'n daling van indiensneming — minder mense moes noodgedwonge meer doen vanweë die agteruitgang van die ekonomie. En dis nie 'n ideale manier om produktiwiteit mee te verhoog nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Tabelle 3 & 4 reflekteer die uiters verontrustende ontwikkeling, naamlik dat indiensneming in die formele ekonomie tussen 1980 en 1990 jaarliks slegs met 0,7% gestyg het, terwyl die totale bevolking veel hoër met 2,6% per jaar gestyg het. Dit beteken dat werkloosheid sal ontwikkel tot 'n kritiese probleem, omdat die ekonomie nie in staat is om nuwe werkers te absorbeer nie. Die kommentaar van die dokumentasie van die Nasionale Produktiwiteitsinstituut by tabelle 3 & 4 is onder andere as volg:

> Een van die groot bydraers tot hierdie predikament is die gebrek aan ekonomiese groei in Suid-Afrika, wat gedeeltelik veroorsaak word deur ontoereikende groei in produktiwiteit. Groei in produktiwiteit genereer ekonomiese groei en laasgenoemde is 'n voorvereiste vir hoër indiensneming. Produktiwiteitsgroei skep werksgeleenthede; dit is die gebrek aan verbetering in produktiwiteit wat werkloosheid skep en die lewenstandaard laat daal.
>
> (NPI 1994:2; my vertaling).

Uit tabel 3 is dit opvallend dat die eerste wêreld se indiensneming met 'n groter persentasie styg as die geringe styging in bevolking. Suid-Afrika se bevolkingsgetalle neem eenvoudig te vinnig toe vir die vermoë van die ekonomie om die groeiende getalle te versorg. Daarom word sterker ekonomiese groei as noodsaaklike geag:

> Die dringende noodsaaklikheid van ekonomiese groei is duidelik wanneer besef word dat twee onderliggende faktore die groei in uitset per capita of lewenstandaard bepaal, naamlik die ekonomiese groeikoers en die populasiegroeikoers .... Om 'n vreedsame politieke oorgang in Suid-Afrika te verseker moet meer mense in diens geneem word. Hoewel die enigste langtermyn oplossing vir hierdie probleem 'n hoë ekonomiese groeikoers is, word owerheidsondersteuning in hierdie opsig as baie belangrik beskou.
>
> (NPI 1994:3; my vertaling).

Ekonomiese groei kan op twee maniere bewerkstellig word: (i) 'n Toename in die hulpbronne wat benut word (kapitaal, arbeid, materiaal, energie); (ii) óf hierdie hulpbronne kan meer produktief aangewend word. Veral verhoogde produktiwiteit is in Suid-Afrika nodig om die ekonomie te laat groei. Minstens 'n groeikoers van 3,7%


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

per annum is nodig om die lewenstandaard jaarliks met 1% te verhoog (NPI 1994:4). Volgens tabelle 5 & 6 is die jaarlikse gemiddelde groeikoers van Suid-Afrika tussen 1980-1991 in terme van die Bruto Nasionale Produk (BNP) (Engels: GDP) 1,3%, en in terme van Bruto Nasionale Produk per capita, minus 1,2%. Volgens Michael Coulson word 'n groeikoers van 6% benodig indien Suid-Afrika betekenisvolle vordering wil maak teen werkloosheid (Coulson 1994:18).

Onder die huidige omstandighede lyk dit of die groeikoers beswaarlik 2% sal haal vir 1994 (Cloete 1994:20).

Tabelle 7 & 8 reflekteer die feit dat salarisse in Suid-Afrika sterk gestyg het, maar daarmee saam het gebrek aan produktiwiteit veroorsaak dat dit eenvoudig te duur geword het om 'n produk te vervaardig en teen 'n kompeterende prys op die wêreldmark mee te ding. Arbeidskoste per eenheid vervaardig het in Suid-Afrika te hoog gestyg (Taiwan het byvoorbeeld volgens die tabelle hoë salarisstygings gehad, maar verhoogde produktiwiteit het die arbeidskoste per eenheid vervaardig laag gehou.) Tabel 7 vergelyk salarisstygings — en dis opvallend dat die styging tussen 1970 en 1980 in Suid-Afrika nie so hoog was as tussen 1970 en 1991 nie. Tabel 8 vergelyk die arbeidskoste per eenheid vervaardig.

> Omdat die ekonomiese hoofdoel van 'n nasie is om 'n hoë en stygende lewenstandaard vir sy burgers daar te stel, is dit belangrik om te onthou dat die vermoë om dit te doen, afhang van ... die produktiwiteit waarmee hulpbronne aangewend word .... Die Suid-Afrikaanse bevolking is desperaat in sy begeerte vir 'n hoër lewenstandaard. Om dit te kan bereik, sal ons kragdadig moet strewe na die bereiking van hoër ekonomiese groei via groei in produktiwiteit, en tegelykertyd ons vinnige populasiegroeikoers inperk.
>
> (NPI 1994:4; my vertaling).

Johan Louw, hoofekonoom van Sanlam, beklemtoon dat loonverhogings net met groter produktiwiteit gepaard moet gaan (Cloete 1994:20).

Die onmiddellike toekoms van Suid-Afrika is beslis onder 'n vraagteken. By die beoordeling van die faktore genoem by 2.1 is daar genoeg feite om enige nugterdenkende investeerder finaal af te skrik, en Suid-Afrika (en Afrika) as 'n bodemlose put te sien waar jy net kan verloor. Eweneens is daar genoeg om mense wat strewe na 'n sinvolle lewensruimte vir hulle en hulle kinders, te oortuig om te emigreer en elders 'n beter toekoms te soek. Tog is daar ook 'n ander kant van die saak, naamlik die positiewe faktore wat oorweeg moet word.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

### 2.2 'n Lojale ingesteldheid van die kerk ten opsigte van positiewe faktore in die samelewing wat bevorder moet word

Die kerk kan eenvoudig nie met oogklappe deur die wêreld gaan nie, omdat die kerk juis in hierdie wêreld besig moet wees om tot uitdrukking te bring wat kerkwees in Christus impliseer. Die kerk het daarom ook 'n lojaliteit teenoor hierdie wêreld ten opsigte van alles wat die goeie orde en goeie vooruitgang van die samelewing raak — as ruimte waarin die kerk die koninkryk van Christus getrou dien. Die dinge waarteenoor die kerk, gekwalifiseerd, 'n positief-lojale houding kan inneem, sluit onder andere die volgende belangrike faktore in, en dit moet ook in berekening gebring word in 'n poging tot evaluering (Coulson 1994:17,18):

#### 2.2.1 Die omvang van Suid-Afrika se Bruto Nasionale Produk (BNP)

Suid-Afrika se Bruto Nasionale Produk is nou digby R400 biljoen per annum — dit is groter as die Bruto Nasionale Produk van enige land in sub-Sahara-Afrika, insluitende Nigerië. Op spesifieke terreine soos kilometers teerpad, hoeveelheid telefone geïnstalleer, uitset van staal, sement en elektrisiteit, beklee Suid-Afrika nie alleen die eerste posisie op die kontinent nie, maar lewer dikwels 'n groter uitset as die res van die kontinent saam.

#### 2.2.2 'n Hoogsontwikkelde finansiële dienstesektor en regsisteem

Op hierdie terrein vergelyk Suid-Afrika goed met die lande van Wes-Europa, en lewer besigheidsvriendelike diens op doeltreffende wyse.

#### 2.2.3 'n Groeiende vervaardigingsektor

Waar die land se vooruitgang vroeër gebou is op sy natuurlike hulpbronne — diamante, goud, platinum en steenkool — daar is Suid-Afrika vandag die een land in Afrika waar die vervaardigingsektor die grootste enkele bydraer tot die ekonomie uitmaak. In breë terme is die industrie tans verantwoordelik vir ongeveer 25% van die land se inkomste (BNP), terwyl mynbou vir 10% en landbou vir slegs 5% verantwoordelik is. Goud wat voorheen 50% van alle uitvoere uitgemaak het (in geldwaarde), het gedaal na 25%. Ander minerale, veral platinum en steenkool, se uitvoerwaarde in geld het wel gestyg, maar dit was veral die uitvoer van vervaardigde goedere wat min of meer verdubbel het na 20% in die laaste dekade. Dollarpryse van die meeste uitvoerkommoditeite het ook gestyg.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

### 2.2.4 Groeiende swartkoopkrag

Hoewel witmense gemiddeld baie ryker as swartmense is, het swartkoopkrag toegeneem en selfs op sommige terreine witkoopkrag verby gegaan. Groeiende welvaart onder swartmense lewer 'n bydrae tot vrede en stabiliteit, soveel so dat hoe meer swartes opgeneem word in die Eerste Wêreldsektor van die ekonomie, hoe meer wil swartes die sisteem eerder hervorm en laat werk as om dit te vernietig.

### 2.2.5 Kwynende Stalinisme

Die African National Congress se ekonomiese beleid het in die laaste vyf jaar beduidend van koers verander. Dis 'n ope vraag of dit noodgedwonge of uit oortuiging was. Die punt is dat die mark hiermee in 'n posisie gestel word om welvaart te verdeel (in 'n markekonomie) eerder as sentrale owerheidsdwang (van 'n bevelsekonomie). Dit is opmerklik dat die ANC se jongste weergawe van sy 'Reconstruction and Development Programme' (RDP) nasionalisering as manier van herverdeling van rykdom laat vaar het.

Die ANC-owerheid aanvaar ook dat Suid-Afrika, in verhouding volgens wêreldstandaarde, en dit raak veral die wit bevolking, swaar belas word. Dit beteken dat heropbou gefinansier sal moet word uit die hertoewysing van bestaande owerheidsinkomste en die verbetering van die kwaliteit van dienste wat gelewer word — verhoogde produktiwiteit dus.

Dat die nuwe bewind nie die kapitalistiese maghebbers in die ekonomie te veel wil antagoniseer nie, kan afgelei word uit die feit dat hulle 'n vorige minister van finansies, Derek Keys, en die president van die Reserwe Bank, dr Chris Stals, in hulle poste behou het. Keys se begroting van 22 Junie 1994, die eerste van die Owerheid van Nasionale Eenheid, het wel niks gedoen ten gunste van die hoërinkomstegroepe nie, maar inderdaad ook niks ten gunste van radikale kommunistiese idees nie.

Die huidige adjunk-minister van finansies, Alec Erwin, 'n selferkende Marxis, stel sy standpunt so: 'Ek glo nog steeds dat Marxisme as 'n benadering tot geskiedenis, die wetenskap en filosofie, 'n kragtige grondslag het. Dit beteken nie dat ek nie ander liberale paradigmas respekteer nie' ... (Marais 1994:64).

Derek Keys, die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) en die Wêreldbank was sleutelfaktore in die ANC se geleidelike wegbeweging van Stalinistiese teorieë van 'n bevelsekonomie na die aanvaarding dat die mark 'n beslissende rol speel in die optimale toewysing van skaars hulpbronne (Paris 1994:21).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

### 2.2.6 Die indruk van 'n verantwoordelike bestuur van die ekonomie

Die begroting van Junie 1994 was klaarblyklik daarop ingestel om tot 'n groot mate buitelandse investeerders gerus te stel dat die nuwe regering en 'n veranderende Suid-Afrika 'n beleid gaan navolg wat verstandig en verantwoordelik is. Daarmee saam moet duidelik gesê word: Dit word internasionaal verwag dat wanneer ryk ontwikkelde lande finansiële hulp bied aan lande met 'n lae inkomste, om hulle groeikoers te verbeter en hulle betalingsbalanstekorte aan te suiwer, dat daardie lande wat gehelp word, hulle bestuur van die ekonomie in lyn moet bring met internasionaal-aanvaarde standaarde (Brandt Report 1982:271, 273). Die internasionale Brandtverslag stel die volgende belangrike doelwitte:

* create confidence
* stimulate trade and investment
* liberalize international trading
* restructure ... towards higher levels of productivity
* improve prospects for growth in world economy.

(Brandt-Report 1982:280)

Die strekking van die internasionale Brandt-verslag is dat beide ryk en arm lande sal baat by die resultate wanneer alle partye gesamentlik 'n positiewe rol speel in die bestuur van die wêreldekonomie. Dit beteken dat Derde-Wêreldlande nie bloot hulp wat hulle ontvang onverantwoordelik kan misbruik nie, maar die internasionale spelreëls van 'n vrye mark moet aanvaar. Aan die anderkant moet Derde-Wêreldlande, net soos Eerste-Wêreldlande, insette kan lewer ten opsigte van hulle eie situasies en medebestuur van die wêreldekonomie op die vlakke van die IMF en die Wêreldbank (vgl Brand-Report 1982:271-282).

Naisbitt se raad kan opgesom word dat hoop vir die toekoms nie beteken om die wêreldwye omvang van die ekonomie en ekonomiese interafhanklikheid te weerstaan nie, maar om dit positief tegemoet te gaan en ten volle te benut; juis daarin lê ons toekoms. Wêreldhandel lei ons ook nader aan wêreldvrede (Naisbitt 1984:77). Hy stel verder dat:


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

> In die nuwe ekonomiese era is al die lande op die wêreldtoneel besig om toenemend interafhanklik te word, ten spyte van die feit dat ons op eie bodem toenemend onafhanklik optree van ons gesentraliseerde landsowerheid. Vandaar die populêre spreuk: 'Thinking globally, acting locally'
>
> (Naisbitt 1984:56; my vertaling).

En Marshall McLuhan het gesê: 'There are no passengers on spaceship *Earth*. We are all crew' (Naisbitt 1984:56). Sommige lande kan dus nie vir ewig verwag om deur ander gedra te word nie; almal het 'n internasionale bydrae om te maak volgens internasionaal-aanvaarde standaard. Dit beteken dat die Suid-Afrikaanse regering wat grootliks van buitelandse finansiële hulp afhanklik is, nie werklik die land se ekonomie na eie ideologie of willekeur kan bestuur nie. Die internasionale ekonomiese spelreëls laat dit beslis nie toe nie — afgesien van buitelandse investering wat boonop sal wegbly, solank die ekonomie swak en verkeerd bestuur word, en afgesien van kapitaal wat dan eerder die land sal uitvloei. Allerhande omstrede kommunistiese aansprake kan daarom moeilik in ingeligte kringe groot oortuigingskrag dra.

Die gedagte van deelnemende demokrasie het reeds sterk inslag gevind by die skares en die massas. Mense wil eenvoudig deel uitmaak van die besluitneming wat hulle welsyn en vooruitgang raak. Beide polities en ekonomies wil hulle besluitneming nie meer net opdra aan verteenwoordigers nie, maar self betrokke wees: al is dit met massa-optrede van een of ander aard. Deelnemende demokrasie kan nie meer gekeer word nie, dit moet slegs positief benader word en gelei word op 'n koers wat tot almal se voordeel kan wees. Dit vra meganismes wat 'n effektiewe kommunikasie tussen werkgewers en werknemers, leiers en bevolking, kan vestig. Daar moet ook onthou word dat wêreldbevolkings hedendaags toenemend goed-opgeleide, bekwame en goed-ingeligte burgers uitmaak (Labuschagne 1987:1116-1119).

### 2.2.7 Mate van politieke vrede

Die mate van politieke vrede wat sedert die verkiesing van 27 April 1994 gevestig het, hou belofte in, mits dit lei tot 'n werklik stabiele samelewing. Die positiewe moontlikhede wat dit inhou, het al begin realiseer toe groot maatskappye soos IBM en Pepsi byvoorbeeld aangekondig het dat hulle hulle vroeëre beleid van disinvestering herroep.

### 2.2.8 Die Johannesburg se aandelemark

Volgens Robert A Annibale is die Johannesburg se aandelemark die tiende grootste aandelemark in die wêreld — vergelykbaar met dié van Meksiko. Die *JSE* (Johannes-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

burg Stock Exchange), soos dit internasionaal bekend is, is 'n gerespekteerde instelling, en word bedien deur gevestigde makelaars uit beide Suid-Afrika en die buiteland. Die omvang van ekonomiese bedrywighede soos genoteer op ons aandelemark vertoon enorme potensiaal vir die skepping van vooruitgang en welvaart (Annibale 1994:38). Onverantwoordelike politieke uitsprake en optrede kan beslis rimpelings veroorsaak in die indekse van die *JSE* en so seine uitstuur oor die hele wêreld wat fatale gevolge vir ons ekonomie kan inhou.

## 3. EVALUERING — GEESTESKRAG

Dat die Suid-Afrikaanse samelewing 'n potensieel goeie ekonomiese basis het waaraan iets gedoen kan word in die beplanning van 'n beter toekoms vir almal, is duidelik genoeg. Dit is vir die Christelike etiek belangrik dat hierdie faktore in almal se belang ontgin sal word. Tog is die probleemareas, soos gemeld, omvangryk en skrikwekkend. Om 'n toekoms hier te skep, is inderdaad 'n *reuse* uitdaging. Baie dinge sal noodwendig verander moet word, byvoorbeeld die negatiewe faktore hierbo vermeld.

Waar *verandering* eie is aan die aard van die kerk in die spanningsveld tussen die alreeds en die nog-nie, daar is verandering dikwels vir die wêreld vreemd en traumaties. Van elke gelowige word daar immers elke dag opnuut bekering gevra.

Vrees vir die onsekere toekoms en verandering laat mense dikwels vashou aan die bekende werkwyses en aan instrumente van die verlede. Tog is juis dit baie gevaarlik. Dit kan waar wees van witmense wat onbuigsaam vashou aan ou geykte sienings van die samelewing en die ekonomie — byvoorbeeld van *laissez faire* kapitalisme. Dit kan waar wees van swartmense wat onbuigsaam vashou aan die rooskleurige verwagting van alles wat 'n kommunistiese samelewing en sy ekonomiese basis veronderstel is om aan te bied aan arbeiders wat voorheen materieel weinig gehad het. Vrees vir die onbekende van die toekoms skep 'n ondoeltreffendheid wat nie in staat is om mense se waarde-aspirasies en behoeftes te akkommodeer nie — want dit kom die vermoë kort om die *nuwe* situasies te hanteer weens *ou* werkwyses en instrumente wat vir 'n ander opset bedoel is.

Vrees vir die toekoms bring gebrek aan ontwikkeling en innovasie mee. Gebrek aan ontwikkeling en innovasie kan nie nuwe sosiale, politieke en ekonomiese strukture bou vir 'n nuwe samelewing, of samelewings, in nuwe situasies nie. Ons lewe nou eenmaal in 'n tyd van verandering — om verandering suksesvol te bestuur, verg van ons dat nugtere vrae gevra moet word, dat werklikhede noukeurig ondersoek en deeglik beplan en doeltreffend gewerk moet word. Dit vereis kundige, toegewyde en hardwerkende mense op alle terreine van die samelewing. Op die ekonomiese terrein verwys die bedryfsekonoom, A de Villiers, na J Sadie se opmerking dat te min indus-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

trialiste in die Republiek van Suid-Afrika werklik 'n visie het wat hulle aandryf tot investering in innovasie; Sadie sê dat die heersende filosofie blykbaar is: 'Maak geld terwyl die son skyn en voor Suid-Afrika val' (De Villiers 1991:29,30; my vertaling). Te min word in die Republiek van Suid-Afrika aan navorsing en ontwikkeling ten opsigte van nuwe en unieke produkte en prosesse spandeer (De Villiers 1991:30). Hennie Smith (1991:38) wys op die 'product cycle theory' waarvolgens bepaal word dat produkte deur innovasie 'n voorsprong vir die individuele maatskappy op die mark verkry, en 'n land 'n voorsprong op die internasionale mark besorg op basis van sy tegnologiese innovasiekoers. Dit is ook noodsaaklik om te onderskei tussen 'proses-innovasie' en 'produk-innovasie'. 'Proses-innovasie' verbeter die proses waarvolgens insette (arbeid, kapitaal en materiaal) transformeer word in dienste en goedere. Produk-innovasie lei tot die produksie van nuwe of verbeterde produkte wat ook nuwe markte kan skep' (Smith 1991:35; my vertaling). Wat die verband tussen innovasie en produktiwiteit betref sê hy: 'Vir die meeste ekonome word tegnologie geassosieer met produktiwiteit. Deur 'n verbeterde proses-tegnologie te gebruik, word 'n groter en beter uitset verkry van dieselfde inset. Dikwels word die klem op arbeidsproduktiwiteit gelê' (Smith 1991:38; my vertaling). 'Tegnologiese innovasie is ook die sleutel tot verhoging van die aandeel van die plaaslike vervaardigingsindustrie in plaaslike sowel as internasionale markte' (Smith 1991:49; my vertaling). Die teendeel is ook waar: snelveranderende tegnologie hou die gevaar in dat industrieë sonder innovasie juis daarom ondergaan (Twiss 1991:53).

Nadat daar krities-verantwoordelik gekyk is na die negatiewe faktore in ons land (vgl punt 2.1), is dit voor die hand liggend dat ontwikkeling en innovasie — oorlewing — *groot veranderinge noodsaak.* Veral op ekonomiese terrein (met sy ernstige gebrek aan produktiwiteit, grootskaalse werkloosheid, die te hoë bevolkingsgroei) vereis ontwikkeling en innovasie 'n groot sprong in bekwaamheid:

* 'n hoogsgeskoolde en bevoegde bestuurslui (insluitende ekonomiese vakkundiges, ingenieurs en tegnoloë);
* 'n nuwe soort goedopgeleide arbeider wat kan voldoen — op produktiewe en kompeterende wyse — aan die nuwe taakvereistes.

Die waarde-aspirasies en behoeftes van swartmense sowel as witmense sal hiervolgens aangepas moet word. Dit is duidelik dat ontwikkeling en innovasie nie ruimte laat vir vreesagtige idealismes wat in die verlede stagneer nie — byvoorbeeld die gedagtes van 'affirmative action' wat die verwagting van 'n beter samelewing vanuit die verlede koester, maar nie die werkwyse en die instrumente van vandag of môre se uitdaging


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

vertoon nie. Vandag en môre se uitdagings — in die lig van ons werklike kritiese situasie — vra goedopgeleide arbeiders en bekwame bestuurders, en vir daardie vereistes (gekwalifiseer ten opsigte van elke pos) moet in vryheid meegeding word. Ideologiese kwalifikasies en regverdiging slaag nie altyd om in te pas by die taakvereistes van ontwikkeling en innovasie nie en kan nie altyd inpas by wat nodig is om te oorlewe nie. 'n Voorbeeld van stagnasie is hoe Afrikanerideale van vryheid op basis van eie grondgebied, nog op die ou manier en met uitgediende beplanning aangepak word. Die daargestelde volkstaatraad het in die lig van vandag en môre se omstandighede die uitdaging aanvaar om nuwe werkwyses en instrumente te vind vir 'n nuwe suksesvolle en realiseerbare ontwerp, wat nie sal kan lyk soos iets wat moet inpas by gister se situasie nie.

Skeppende denke word gevra as voorvereiste vir ontwikkeling en innovasie op elke terrein van ons samelewing — in 'n mededingende wêreld. Gebrek daaraan is vir seker 'n resep vir samelewingsonrus en ekonomiese ineenstorting. Deur tans te stadig te reageer, of reaktief en negatief ingestel te wees, lei na dieselfde ondergang.

Uiteindelik is die kardinale vraag of ons *geestelik* die vermoë het om te oorlewe. Het ons die geesteskrag en gesindheid om wat nodig is, te bedink, te beplan en te doen? Sonder hierdie geesteskrag sal ons nooit uitkom by *die wil om te vermag* nie. Dis die wil om te vermag wat die denke voed wat lei tot byvoorbeeld 'n mededingende tegnologie, produk en diens, en uiteindelik 'n welvarende ekonomie. Dis die wil om te vermag wat die breinkrag voed wat met toewyding en harde arbeid 'n nuwe samelewing en 'n nuwe vaderland skep wat sinvolle lewensruimtes bied aan almal, individue en groepe, mense wat mekaar respekteer en in ag neem.

Geesteskrag, en die inherente wil om te vermag, is diep gewortel op die terrein van die kerk. Geesteskrag moet in die kerk en teologie ons so sterk dat dit die breinkrag kan wakker maak tot grondige teologisering wat in moeilike tye nodige en sinvolle leiding bied. Geesteskrag spreek in hierdie opsig ook van 'n gesindheid wat weet dat dit waartoe kerk en teologie aanmoedig, of dit wat die teologie aanvaarbaar vind, geregverdig moet kan word. Dit beteken dat die drang na oorlewing en vooruitgang, en alles wat prakties daarvoor gedoen moet word in die samelewing, in die eerste plek deur kerk en teologie begryp moet word en in die tweede plek deur kerk en teologie eties geëvalueer en gelei moet word. In hierdie proses moet kerk en teologie hoogstaande etiese integriteit en lojaliteit openbaar. Die kerk wat egter diensbaar word aan die ideologie, verloor nie alleen etiese integriteit nie, maar het opgehou om kerk te wees, omdat so 'n kerk verknog geraak het aan die wêreld van nou en hier. Hierdie kerk het dan weer te ver gegaan en dit wat eie is aan die wese van die kerk — die hede-toekoms-dialektiek — verloën. 'n Voorbeeld van die verkeerde is dit wat Alistair Kee



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

van die samelewingsteologieë (of politieke teologieë) sê: 'Maar die mees opvallende karaktertrek van die politieke teologie is dat dit bevooroordeeld is. Vir die grootste gedeelte van sy geskiedenis was die teologie partydig vir die politieke regtervleuel — en dit is onbetwis gelaat. Politieke teologie is partydig na links — en waarom moet dit nou betwis word? ...' (Kee 1974:xi; my vertaling). Laat dit baie duidelik gestel word: sonder 'n hoogstaande etiese integriteit — veral van die kant van die kerk en die teologie as voorlopers in hierdie opsig — sal daar nooit by die breë bevolking en verskillende groepe vertroue en aanvaarbaarheid gewen kan word vir die proses van verandering en vooruitgang nie. Uiteindelik moet vertroue en aanvaarbaarheid ook in die wêreld gewen word, want geen land kan in isolasie bestaan nie. Dit is nie die roeping van die kerk en die teologie om populêre ideologiese inhoude teologies te verdiskonteer en as aanvaarbaar in diens van die tydsgees voor te stel nie. Mense het wel die vryheid om waardekeuses te maak — individueel en in groepsverband — ten opsigte van tradisie en ideologie, maar uiteindelik is die mens ook, soos Sartre gesê het, 'gedoem tot verantwoordelikheid' (Labuschagne 1987:235). Dit is veral juis die roeping van die kerk om alle waardekeuses, tradisies en ideologieë te oorweeg en krities te wees ten opsigte van dit wat nie eties houdbaar is nie. Geen tradisie of ideologie kan sonder meer verwerp of aanvaar word nie; so eenvoudig is dit nie — in alles is daar negatiewe en positiewe elemente, en daaroor moet die kerk baie eerlik wees. Daar kan aanspraak daarop gemaak word dat kerk en teologie nie genoeg doen om tegniese besonderhede van die stand van die samelewing te versamel nie. Daarsonder dreig irrelevante uitsprake en 'n gebrekkige etiese evaluasie en leiding in die samelewing. Met grondige denke, met wetenskaplike houdbaarheid en met 'n etiese integriteit wat bo alle verdenking staan, moet die kerk en teologie hulle roeping vervul, in dialektiese spanning tussen nou en môre, gehoorsaam aan wat groter is en hoër is as enigiets van hierdie wêreld — Jesus Christus, die opgestane Here. In relasie tot die werklikheid van die Persoon en werk van Jesus Christus, die Here, soek die teologie altyd weer opnuut na 'n etiese evaluering en koers in elke situasie.

Die Christelike etiek is relatief omdat dit telkens opnuut in 'n bepaalde situasie uitgemaak moet word — die etiese beslissing en daad bly *oop* na die toekoms (Labuschagne 1987:1134-1138). As die Christelike etiek *oop* bly na die toekoms, beteken dit dat ons telkens nuwe vrae in nuwe en ou situasies vra, en telkens weer nuwe beslissings moet maak. Ons en ons samelewing is nooit voltooid nie. Ons is ewig op soek na die waarheid, en kan so alleen verslag doen van hoe ver ons vandag gevorder het. Wat wel onveranderlik ewig bly, is beslissing in gehoorsame relasie tot Christus die Here — wat alle waarheid bepaal (Joh 1:17b; 14:6; Matt 5-7).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Barth wys daarop dat die morele motiewe van die mens van nature bepaal word deur eie belang, omdat die mens 'n sondaar is. Ware etiek is vir Barth daarom alleen moontlik in die nuwe mens wat in en deur Jesus Christus geskep word, en wat sy etiese beslissings alleen in gehoorsame relasie tot Jesus Christus maak. Barth veranker die antropologie op hierdie wyse volledig in die Christologie (Labuschagne 1992:855, 857).

Veranderinge in die samelewing kan menslik gesproke nie gekeer word nie. 'n Wêreldwye patroon en mode is immers besig om sy gang te gaan, en ons is deel daarvan. Ons moet egter nie negatief wees teenoor veranderinge nie; deur betrokke te raak, kan ons insette lewer wat ook vir ons elkeen positiewe resultate kan hê. Ons kan veranderinge nie keer nie, maar ons kan die beste daarvan probeer maak, maar dit moet regverdigbaar wees voor ander en voor die hele wêreld. Van die kerk en die teologie word nou, meer as ooit, 'n enorme bydrae en taak vereis ten opsigte van die gevraagde geesteskrag om vanuit 'n veranderende Suid-Afrika 'n samelewing of samelewings te bou wat eties-regverdigbare en sinvolle lewensruimtes vir almal (individue, gemeenskap en groepe) sal bied.

Van wat die Here Christus in verband met die lewensreël — van jou naaste liefhê soos jouself — geleer het, kan die volgende riglyne vasgestel word wat telkens opnuut in elke situasie uitgewerk moet word tot nuwe én spesifieke norme vir daardie situasie (Labuschagne 1992:838-858):

* Die Christelike etiek sien alle mense aan, sonder enige voorrang — individue, groepe of die gemeenskap in die geheel.

* Daar is geen gronde om te veronderstel dat die Christelike etiek slegs geld in die verhouding individu tot individu nie.

* Die Christelike etiek spreek alle mense in alle menseverhoudinge aan: individu tot individu, groep tot groep, individu tot groep (of gemeenskap), groep (of gemeenskap) tot individu, minderhede teenoor meerderhede, meerderhede teenoor minderhede.

* In alle menseverhoudinge bestaan daar 'n gelyke inagneming van elkeen en van almal se belange; in elke verhouding word gevra na balans. Byvoorbeeld: die individu is nie belangriker as die gemeenskap nie, en die gemeenskap is nie belangriker as die individu nie.

* Uiteindelik, samevattend, breek die Christelike etiek die morele motiewe van die mens wat deur selfsug en eie belang bepaal word, oop en plaas ons in drie oorkoepelende verhoudinge: (i) die *verhouding met Christus* — wie se koningskap geld



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

oor hierdie wêreld tot aan die voleinding en vir wie ons in ons arbeid en samelewingstrukture dien en verheerlik; (ii) die *verhouding met die medemens* (individu, groep, gemeenskap) — wat in gelyke mate in ag geneem moet word, sodat elkeen 'n billike en regverdige geleentheid mag hê om 'n sinvolle bestaan te maak; (iii) die *verhouding met die natuur* — wat in verantwoordelikheid benader moet word, om nie net daaruit te neem nie, maar ook terug te plaas en te bewaar sodat ons mag voortgaan om te lewe vanuit en in harmonie met die natuur.

In die lig van hierdie riglyne beteken dit dat die groot probleem van Marxisme-kommunisme is dat dit die gemeenskap bevoordeel ten koste van die individu (Labuschagne 1992:847-851). Die groot probleem van klassieke liberalisme-kapitalisme is dat dit die individu bevoordeel ten koste van die gemeenskap (Labuschagne 1992:839-847). Hierteenoor sê Emil Brunner tereg: 'Vanuit die Christelike geregtigheidsgedagte bestaan daar 'n ander wet van ekonomiese geregtigheid wat die vryheid van eiendom en inisiatief met die verantwoordelikheid teenoor die geheel verbind' (Labuschagne 1992:853). Gehoorsaam en getrou in verhouding tot Christus wat hoër en groter is as enigiets op hierdie wêreld — lojaal teenoor hierdie wêreld, maar dan nie te heg verbind nie, krities, maar dan nie heeltemal gedistansieer nie — het die kerk en teologie in 'n veranderende Suid-Afrika die taak om 'n geesteskrag te bou wat regverdigbaarheid vereis en uitroep in alles wat dit moet dra en motiveer. Regverdigheid word, in trou aan die voltrekking van Christus se koninkryk, met kategoriese imperatief uitgeroep vir individu, gemeenskap en afsonderlike groep, meerderhede en minderhede, terwyl Karl Barth se woorde in 1944 onthou moet word: '(die kerk) moet eerder drie maal te veel vir swakkes opkom as een maal te min, eerder sy stem onaangenaam hard laat weerklink, waar reg en vryheid in gevaar is, as aangenaam sag! Waar dit omgekeerd gaan, gaan dit nie goed met die Christelike gemeente nie' (Labuschagne 1992:854). Elkeen van die negatiewe faktore in ons samelewing, soos hierbo genoem, moet met geesteskrag (etiese regverdigheid dus ingesluit) omgebuig word tot positiewe boustene van ons samelewing. Elke positiewe faktor moet gebou word tot nog groter hoogtes, met dieselfde geesteskrag. Wat die toekoms van ons elkeen vra, is in die eerste instansie geesteskrag, ja, maar dan geesteskrag gerig op harde, toegewyde, en produktiewe arbeid. Welvaart en voorspoed is nie iets wat bloot geërf word, of polities en/of militêr van ander afgeneem word nie. Vir die Christelike etiek word welvaart en voorspoed net op een manier bekom: jy werk op 'n eerlike en regverdige manier daarvoor. Daar is nie ruimte vir 'n parasitiese kultuur nie, want wie nie werk nie, sal nie eet nie (2 Tess 3:6-12).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Ons het geesteskrag nodig, die wil om te vermag, breinkrag, deeglike beplanning en produktiewe arbeid. Dit is wat die toekoms vra. Tog hou niemand van ons, geen mens, of mensemag, die toekoms in finale sin in sy/haar hande nie. Dit moet ons nogtans nie laat terugdeins van die toekoms nie. Want daar is *eintlik net een mag in hierdie wêreld,* die mag wat deur ons in gehoorsaamheid, in al ons doen en late op die wordingspad van die kerk, trou gevolg word, Christus, die opgestane Here. 'Die "hand" wat alles regeer ... is nie een of ander duistere mag wat, net soos hy wil, ons bestuur en regeer nie; dit is die hand van hom wat aan ons geopenbaar is in Jesus Christus. Die resultaat van die menswording, kruisiging en opstanding van Jesus Christus is eenvoudig dit: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde" (Matt 28:18)' (Barth 1964:79; my vertaling). 'Ons tyd is die tyd van sy vandag en sy môre, sy heerskappy. Dit staan onder die teken van die verandering wat plaasgevind het in sy dood en opstanding, in die verwagting van sy volmaakte toekomstige openbaring' (Barth 1964:79; my vertaling).

> Indien die begrip 'mensereg' iewers 'n regmatige plek het, dan is dit hier by die Paasboodskap. Los hiervan het dit alleen 'n leë klank, want die mens kan geen reg as sy eie toeëien nie behalwe daardie reg wat deur God se regverdigheid, in deernis, vir hom verower is .... Indien die woord oor menseregte nie gespreek word in relasie tot die volle mag van hierdie boodskap nie, dan word dit in elk geval nie gespreek nie; dit sal dan alleen weerklank wees van leë frases van koerante en politieke partye wat nie eens die mens se regte kan aandui nie, wat staan nog dit skep.
>
> (Barth 1964:73; my vertaling)

Barth sê van die heerskappy, mag en koninkryk van Christus:

> Sy koninkryk het geen beperkinge nie. Dit word nie beperk binne die mure van die kerk tot die kring van die Christene nie ... die verloop van die geskiedenis buite die kerk is net so onder sy beheer as die gang van die kerk self. Daar bestaan nie so iets as 'n wêreldgeskiedenis wat oorgelaat is aan sy eie wette nie .... Die kerk word bedreig, maar gaan nie onder nie: *perpetua mansura est* (sy uithouvermoë is vir altyd) .... In hierdie sin kan ons sê dat die kerk die betekenis en die geheimenis van die wêreldgeskiedenis is; wêreldgeskiedenis vind plaas ter wille van die kerk se geskiedenis. *Hier is die setel van ware mag teenoor alle ander magte wat eintlik net 'onmagte' is.*
>
> (Barth 1964:80,81; my vertaling en beklemtoning)


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Dat daar eintlik net een mag is, die mag van Christus, wat in en vanuit sy kerk tot uitdrukking kom, blyk duidelik uit die wêreldgeskiedenis wanneer ons vra: watter mag van gister bestaan nog vandag, watter enorme wêreldmag van duisend jaar gelede of honderd jaar gelede bestaan nog vandag? Slegs een mag oorlewe konsekwent alle magte deur die eeue — die mag van Christus en sy kerk. Die koninkryk van Christus, sy heerskappy, die plan wat God met die wêreld en veral met sy kerk het, word deur niks en niemand gestuit nie. Die kerk is en bly altyddeur daar.

Wat die toekoms ook al mag inhou, dit mag ons vir seker weet: Die kerk sal oorlewe. Die kerk wat getrou onder die leiding van die belydenis 'Jesus is die Here' voortgaan, daardie kerk gaan nie onder nie. Ons kan met vertroue die toekoms ingaan, wanneer ons vertroue gerig is op die Heer van die kerk, en ons ons roeping vervul in hierdie wêreld sonder om die hede-toekoms-dialektiek, wat eie is aan die wording en wese van die kerk, ooit te verloën. Terwyl ons bekommerd is oor die toekoms van hierdie wêreld, met reg want ons leef daarin, mag ons nogtans nie vergeet dat ons lewe en werk vir 'n beter wêreld van die voleinding — en dit kan deur niks en niemand gekeer word nie. Alles wat ons doen op hierdie wêreld is ondergeskik aan hierdie hoër doel. En ons vertrou Christus die Here vir ons hele toekoms — nou en vir altyd — want Hy is die enigste ware mag.

| Tabel 1 | Gross domestic product per worker in 1985<br>Prices and Exchange rates in Rand | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Year | France | Sweden | USA | UK | Japan | SA | Taiwan |
| 1980 | 49 942 | 48 396 | 79 330 | 36 917 | 44 094 | 15 717 | 15 787 |
| 1981 | 50 825 | 48 492 | 79 984 | 37 988 | 45 345 | 16 111 | 16 457 |
| 1982 | 52 019 | 49 101 | 78 626 | 39 195 | 46 270 | 15 732 | 16 709 |
| 1983 | 52 530 | 49 931 | 80 379 | 41 116 | 46 978 | 15 544 | 17 454 |
| 1984 | 53 736 | 51 541 | 82 312 | 40 806 | 49 080 | 16 180 | 18 648 |
| 1985 | 54 876 | 52 147 | 83 475 | 41 936 | 51 023 | 16 075 | 19 272 |
| 1986 | 56 006 | 53 299 | 83 935 | 43 542 | 51 981 | 16 058 | 20 659 |
| 1987 | 57 198 | 54 197 | 84 565 | 44 625 | 53 860 | 16 269 | 22 360 |
| 1988 | 58 977 | 54 902 | 86 358 | 44 867 | 56 008 | 16 723 | 23 765 |
| 1989 | 60 398 | 55 139 | 86 735 | 44 404 | 57 579 | 17 012 | 25 049 |
| 1990 | 58 432 | 55 641 | 87 144 | 45 135 | 58 583 | 17 341 | 26 768 |

(Bron: NPI 1994)



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

| Tabel 2 | Gross domestic product per worker in 1985 and Exchange rates in Rand | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Year | Chile | Kenya | Korea | SA | Botswana |
| 1980 | 11 156 | 11 654 | 10 782 | 15 717 | 13 831 |
| 1981 | 11 723 | 11 879 | 11 289 | 16 111 | 12 857 |
| 1982 | 11 194 | 12 156 | 12 306 | 15 732 | 12 188 |
| 1983 | 10 171 | 11 656 | 13 347 | 15 544 | 14 952 |
| 1984 | 10 386 | 11 562 | 14 347 | 16 180 | 16 475 |
| 1985 | 9 577 | 11 625 | 15 543 | 16 075 | 16 750 |
| 1986 | 9 665 | 11 980 | 16 813 | 16 058 | 16 273 |
| 1987 | 9 925 | 12 249 | 17 770 | 16 269 | 15 535 |
| 1988 | 10 019 | 12 532 | 18 279 | 16 723 | 14 942 |
| 1989 | 10 621 | 12 677 | 19 190 | 17 012 | 15 503 |
| 1990 | 10 813 | 12 784 | 20 235 | 17 341 | 15 681 |

(Bron: NPI 1994)

Jaarlikse % vanaf 1980-1990

| Tabel 3 | Population and Employment Growth | |
|---|---|---|
| Country | Employment | Population |
| Japan | 1.2 | 0.6 |
| USA | 1.7 | 1.0 |
| France | 0.6 | 0.5 |
| UK | 0.6 | 0.2 |
| Sweden | 0.6 | 0.2 |
| SA | 0.7 | 2.6 |
| Taiwan | 2.4 | 1.3 |

(Bron: NPI 1994)



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Jaarlikse % vanaf 1980-1990

| Tabel 4 | Population and Employment Growth | |
|---|---|---|
| Country | Employment | Population |
| Korea | 2.8 | 1.2 |
| SA | 0.7 | 2.6 |
| Botswana | 9.3 | 4.8 |
| Kenya | 3.3 | 4.5 |
| Chile | 3.2 | 1.7 |

(Bron: NPI 1994)

| Tabel 5 | Changes in standard of living Average annual growth rate (%) 1980 to 1991 | | |
|---|---|---|---|
| Country | GDP | Population | GDP per capita |
| Japan | 4.3 | 0.5 | 3.7 |
| UK | 2.1 | 0.2 | 1.9 |
| Taiwan | 7.7 | 1.3 | 6.3 |
| USA | 2.4 | 1 | 1.4 |
| Switzerland | 1.8 | 0.6 | 1.3 |
| SA | 1.3 | 2.6 | -1.2 |

(Bron: NPI 1994)

| Tabel 6 | Change in standard of living Avarage annual growth rate (%) 1980 to 1991 | | |
|---|---|---|---|
| Country | GDP | Population | GDP per capita |
| Venuezuela | 1.8 | 2.7 | -0.9 |
| Korea | 9.2 | 1.2 | 8 |
| Brazil | 1.6 | 2.2 | -0.6 |
| Malawi | 3 | 3.2 | -0.2 |
| SA | 1.3 | 2.6 | -1.2 |
| Botswana | 9.7 | 3.9 | 5.6 |

(Bron: NPI 1994)



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Salarisstygings

| Tabel 7 | Growth in hourly compensation in manufacturing since 1970 | |
|---|---|---|
| Country | Percentage | |
| | 1970-1980 | 1970-1991 |
| USA | 133.8 | 292.7 |
| Japan | 256 | 488.4 |
| Taiwan | 806.2 | 2 998.8 |
| UK | 434.9 | 1 222.8 |
| Germany | 159.3 | 360.2 |
| SA | 207.1 | 1 407.1 |

(Bron: NPI 1994)

Arbeidskoste per eenheid vervaardig

| Tabel 8 | Growth in unit labour cost in manufacturing since 1970 | |
|---|---|---|
| Country | Percentage | |
| | 1970-1980 | 1970-1991 |
| USA | 87.3 | 137.1 |
| Japan | 101.5 | 109.1 |
| Taiwan | 171.3 | 326.7 |
| UK | 322.4 | 526.7 |
| Germany | 76.3 | 145.7 |
| SA | 156.9 | 1 121 |

(Bron: NPI 1994)



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

**Literatuurverwysings**

Annibale, R A 1994. The scramble for Africa's equities. *Safara* July/September, 36-39.

Barth, K 1955. *Die Kirchliche Dogmatik, Vierter Band: Die Lehre von der Versöhnung*. Zweiter Teil. Zürich: Evangelischer Verlag A G.

Barth, K 1964. *The Heidelberg Catechism for today*, translated by S C Guthrie. London: Epworth Press.

Brandt, W 1982. *North-South: A programme for survival*. The Report of the Independent Commission on International Development Issues under the Chairmanship of Willy Brandt. London: Pan Books.

Brunner, E 1964. *The Word of God and modern man*, translated by D Cairns. Richmond: John Knox Press.

Cloete, G 1994. Brose opswaai amper op rotse. *Finansies & Tegniek* 30 September, 20.

Coùlson, M 1994. Back to the future. *Safara* July/September, 16-18.

Cullmann, O 1963. *The state in the New Testament*. London: SCM.

De Villiers, A 1991. Technological innovation and economic growth in S A, in De Beer, C S (ed), *Technique in society — promises and challenges*, 21-32. Pretoria: HSRC.

Kee, A 1974. *A reader in political theology*. London: SCM.

Labuschagne, J P 1987. Die historiese konteks van 20e eeuse samelewingsteologieë. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Labuschagne, J P 1991. Advies ten opsigte van die standpunt van die Nederduitsch Hervormde Kerk oor die wettiging van die Suid-Afrikaanse Kommuniste Party. Rapport aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

Labuschagne, J P 1992. Die teologie in gesprek met die ekonomie. *HTS* 48/3&4, 827-860.

Marais, P 1994. Erwin sit nuwe denke in S A finansies. *Finansies & Tegniek* 30 September, 64-65.

Naisbitt, J 1984. *Megatrends: Ten new directions transforming our lives*. London: Futura, MacDonald & Co.

Nasionale Produktiwiteitsinstituut (NPI) 1994. *Tabelle en Dokumentasie*. Pretoria: NPI.

Nyirongo, L 1994. *Should a Christian embrace socialism, communism or humanism*? Potchefstroom: PU vir CHO.

Paris, R 1994. Mandela's mandate. *Safara* Julie/September 1994, 5 & 21-22.

SAUK TVI 1994. Agenda 31.08.1994.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Smith, H 1991. A framework for a technology policy — the role of the state, in De Beer, C S (ed), *Technique in society — promises and challenges*, 33-50. Pretoria: HSRC.

Suid-Afrikaanse Polisie Verslag 1 November 1994. Pretoria: SAP.

Twiss, B C 1991. Technology and Society — the implication for business, in De Beer, C S (ed), *Technique in society — promises and challenges*. Pretoria:HSRC, 51-72.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services